higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N950**(A)**(J5)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# KOMMUNIKASIE N6

(Tweede Vraestel)

(5140286)

**5 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**TOEBOEKEKSAMEN**

**Twee woordeboeke (tweetalig en verklarend) mag gebruik word.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOMMUNIKASIE N6
(Tweede Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## GEVALLESTUDIE

Die hare het onlangs gewaai by vele skole in ŉ stryd om 'outydse' beleide te verander. Pretoria High School for Girls was die eerste maar nie die laaste skool om in die media te verskyn nie.

Swart studente het begin betoog teen wat hulle as onbillike skoolreëls sien. Baie van hierdie skole het reëls wat diskrimineer teen swart haarstyle. Sommige skole het selfs na bewering swart meisies gedwing om hul hare reguit te maak om by die skool se beeld te pas.

Meeste mense in die gemeenskap voel dat die reëls hersien moet word om by die nuwe Suid-Afrika se beeld te pas. Baie bevraagteken nou skoolreëls in die algemeen.

[Verwerk uit: *https://www.netwerk24.com/huisgenoot/nuus/bekende-pretoriase-meisieskool-in-rasherrie-gedompel-oor-hare-20170528*]

## VRAAG 1: MOTIVERING

1.1 Noem die behoeftevlak wat in bogenoemde gevallestudie ontbreek. (2)

1.2 Verduidelik kortliks hoe die behoefte wat in VRAAG 1.1 geïdentifiseer is bydra tot die motivering van swart meisies by skole soos Pretoria High School for Girls. (2)

1.3 Hoe kan onderwysers wat dien as toesighouers in die klaskamer verseker dat leerders behoorlik gemotiveerd is? (5)

1.4 Noem die eienskappe van motivering. (3)

1.5 Watter groep faktore het die meisies se vermoë om op die haarstylprobleem te fokus, en daarvolgens ŉ staking te handhaaf, beïnvloed? (6)

1.6 Verduidelik die hanteringsmetode wat die meisies gebruik het om die haarstylprobleem te hanteer en verskaf ŉ rede vir die antwoord. (2)

**[20]**

## VRAAG 2: PROBLEEMOPLOSSING EN BESLUITNEMING

2.1 Omskryf die probleem wat die skole ervaar in EEN sin. (1)

2.2 Gee DRIE voordele wat die skool kan geniet deur die probleem op skrif te stel. (3)

2.3 Verduidelik die omvang en ligging van die probleem wat die skole ervaar. (2 + 2) (4)

2.4 Watter kriteria moet oorweeg word wanneer alternatiewe oplossings evalueer word? (5)

2.5 Verduidelik wat met die term *suboptimum besluite* bedoel word. (2)

**[15]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONFLIKHANTERING

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Gebrekkige kommunikasie is die vernaamste oorsaak van konflik.

3.1.2 Konflik in die werksomgewing hou slegs negatiewe gevolge vir bestuur in.

3.1.3 Samewerkende probleemoplossing is die beste probleemoplossing-tegniek.

3.1.4 Dissiplinêre optrede is ŉ prosedure wat gebruik word as ŉ strafmiddel.

3.1.5 Konflik in die werksomgewing moet ten alle koste vermy word.
(5 × 1) (5)

3.2 Is die probleem wat skole ervaar funksioneel of disfunksioneel? Gee ŉ rede vir die antwoord. (4)

3.3 Verduidelik waarom die gevallestudie se probleem as samelewingskonflik gesien kan word. (2)

3.4 Noem VIER oorsake van die konflik in die gevallestudie. (4)

3.5 Noem VYF skadelike gevolge wat skole ervaar as gevolg van die konflik. (5)

3.6 Verduidelik hoe kompromie en bemiddeling gebruik kan word om konflik te hanteer. (2 + 2) (4)

3.7 Onderskei tussen *vrywillige* en *bindende* arbitrasie. (1 + 1) (2)

3.8 Noem VIER vereistes waaraan skole se dissiplinêre kode moet voldoen. (4)
**[30]**

## VRAAG 4: STRESHANTERING

4.1 Definieer die term *stres*. (2)

4.2 Noem die soort stres wat die skoolmeisies ervaar en gee ŉ rede vir die antwoord. (4)

4.3 Noem die tydelike emosionele gevolge van stres wat die leerders ervaar. (4)

4.4 Gee VYF riglyne wat deur skole gevolg kan word om interpersoonlike konflik en stres te hanteer. (5)

Kopiereg voorbehou 

4.5 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.5.1–4.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.5.1 Die oomblik wanneer ŉ mens bewus word van ŉ dreigende situasie, is die … fase.

4.5.2 … is ŉ toestand van paniek waartydens ŉ persoon selfbeheer verloor.

4.5.3 Wanneer daar van ŉ werknemer verwag word om aan teenstrydige eise te voldoen, sal so werknemer … ervaar.

4.5.4 ŉ Persoon met ŉ tipe … persoonlikheid ervaar meer stres.

4.5.5 … kan kwantitatief of kwalitatief wees en dra by tot stres in die werksomgewing.

(5 × 1) (5)
**[20]**

**VRAAG 5: ONDERHOUDVOERING**

Leerders, sowel as verteenwoordigers van die skole, het reeds onderhoude met die media gehad.

5.1 Noem DRIE soorte steurnisse wat hierdie onderhoude negatief kon beïnvloed en gee ŉ voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

5.2 Gee die grootste verskil tussen radio- en televisieonderhoude wat leerders en verteenwoordiges tydens onderhoude in gedagte moet hou. (1 + 1) (2)

5.3 Noem DRIE soorte televisieonderhoude. (3)

5.4 Watter navorsing behoort ŉ radio-omroeper te doen wanneer hy/sy ŉ onderhoud met een van die leerders beplan? (4)
**[15]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou